Towerlantern Fotografie

fotografienuus

Maart 2026

Model, met dank

Sluiterspoed: 0,3 sekonde;
Lensopening: f4,5; ISO: 800;
Fokale lengte: 34 mm

Die eerste foto's waarmee die meeste van ons te dœn kry of gekry het, was waarskynlik mensfoto's (of miskien landskapfoto's?). Die rede daarvoor is natuurlik logies: mensfoto's word geneem om geleenthede te onthou en te herdenk.

Mensfoto's, van jouself as model, of as fotograaf, val nie in almal se smaak nie. Ons gee wel hierdie maand aandag aan mensfotografie en lê klem op wenke en riglyne – om jou miskien aan te por.

Ons hoop ons reisrubriek val in elkeen se smaak – almal hou beslis van rondreis en om die wêreld te sien (al is dit net vanuit jou sitkamer, of dalk slaapkamer). Geniet hierdie maand se reis na 'n streek genaamd Patagonië (meer inligting word dœlbewus nou weerhou).

As jy wonder wat om af te neem, anders as mense, bekyk die idees wat ons verderaan gee. Of loop in jou huis rond en neem foto's van soutpotte, kastrolle, oliepotte en nog potte. Geniet hierdie uitgawe.

Johan

Redakteur: Johan de Klerk
Bladuitleg: Fransa van Colourcode Designs

Wil jy graag 'n bydræ lewer tot Towerlantern se nuusbrief?
Kontak ons gerus vir meer inligting hieroor! Towerlantern behou die reg voor om sekere artikels / foto's nie te plaas nie. Menings uitgespreek in artikels is dié van die skrywers,
en nie van Towerlantern self nie. Ons ontvang ook advertensies, dœn gerus navraag.

voorbladfoto

Die bedœling met die voorbladfoto is om 'n mensfoto te wys wat gelyktydig formeel en informeel is. Wat word hiermee bedœl? Dit is formeel want dit is geposeer; en dit is informeel want dit is nie strak nie en ook nie met formele beligting geneem nie. Dit is wel met 'n kamera en driepoot geneem.

Die beligting wat gebruik is, is normale binnenshuise kunsmatige beligting, sonder 'n kameraflits, teen laatmiddag. Om 'n geskikte agtergrond te kry (dikwels 'n probleem in 'n huis) is die vertrek se gordyne gebruik en tœgetrek. Ter wille van 'n vinniger sluiterspœd is 'n hoër ISO, naamlik 800, gebruik (gewoonlik leer ons ons studente om die laagste ISO, tipies 100, te gebruik, en daarby te hou). As daar 'n greinerigheid sou wys, dra dit hopelik dan by tot die atmosfeer van die foto.

Laat die voorbladfoto vir jou 'n aansporing wees om mensfoto's te neem – beweeg egter weg van honderde selfoonmensfoto's wat in alle haas geneem is. Spandeer soms ook meer tyd aan beplanning en fotografiese denke. Ons sê nie jy mœnie onthoufoto's neem nie, ook nie dat jy nie jou selfoon mag gebruik nie, maar dwing jouself om ook soms hoër te vlieg – al is dit net komposisiegewys.

Daar is baie ooreenkomste tussen mens- en dierfotografie, in die besonder soogdiere – altwee is immers lewende wesens. Dit sluit mens- en dier-ooreenkomste in soos oë, ore, vœte/pote, ensovoorts. Dit sluit ook fotografiese ooreenkomste in, soos komposisie, 'n blinkigheid in die oë, ensovoorts.

Ons het verlede jaar in die September-uitgawe van Fotografienuus gesels oor dierfotografie. Gaan na die onderstaande adres as jy dit weer wil naslaan (trouens, alle uitgawes van Fotografienuus terug tot April 2017 is daar te kry):
https://www.towerlantern.co.za/nuusbriewe.html

Mensfotografie tema & wenke

Mensfotografie is 'n baie wye onderwerp. In ons kursusse bespreek ons hierdie saak op verskillende vlakke. En dit is amper nog te min om werklik van iemand 'n mensfotograaf te maak.

Wat dit betref is Towerlantern se dœl deurgaans om studente aan 'n breër verskeidenheid genres bloot te stel, eerder as om in slegs een of twee genres te spesialiseer.

Ons gee 'n klompie wenke, in 'n groot mate net om jou gedagte aan die gang te sit.

Dit is belangrik dat die oog of oë van die model skerp mœt wees – met nog 'n blinkigheid daarin as dit moontlik is.

Dit is ook belangrik dat die gesig as geheel skerp mœt wees, en hiervoor is 'n vinnige sluiterspœd nodig, byvoorbeeld 1/100 sekonde of vinniger.

Die rand en agtergrond van 'n foto is net so belangrik as die model self. Sorg dus dat daar geen steurende items in die foto of op die rand te sien is nie.

Dit is ook van belang dat, waar dit kan, die model by 'n derdelyn geposisioneer mœt wees en in die foto mœt inkyk (nie noodwendig na die kamera nie, behalwe as die model miskien met die kamera of kameraman mœt "gesels").

Vir 'n vinniger sluiterspœd mag dit nodig wees (in elk geval in swak lig) om 'n groter lensopening te gebruik. Dit het op sy beurt die voordeel dat 'n ver agtergrond redelik onskerp is.

Daar is 'n verskeidenheid subgenres wat mensfotografie betref, byvoorbeeld formeel of informeel, buite- of binnenshuis, kleur of monochroom, veld of stad, staande, sittend, knielend, lêend, ensovoorts.

Towerlantern Fotografie
- maart 2026 -

RIGLYNE VIR MENSFOTOGRAFIE

VOORAF

Omdat die moontlikhede vir mensfotografie baie wyd is soos pas genœm, word riglyne hier spesifiek vir een situasie gegee, naamlik in(formele) mensfotografie in gedempte binnenshuise lig. Begin beslis met 'n driepoot en gaan later oor na vryhand-fotografie, indien verkies.

TIPE LENS

Gebruik 'n algemene medium-wydte tipe lens, byvoorbeeld 18-55 mm.

FORMAAT

Landskapformaat is in orde, maar eksperimenteer gerus.

ISO

Omdat dit 'n gedempte toneel is, gebruik 'n middelwaarde ISO, byvoorbeeld 400-800.

WITBALANS

Stel die witbalans op kunsmatige beligting.

FOKUSPUNT & ROWWE FOKUSSERING

Besluit op 'n fokuspunt; in die besonder die oë, of ore as die oë nie te sien is nie.

LENSOPENING

Kies 'n groot lensopening, byvoorbeeld f4, vir 'n vlak veld-diepte met onskerp agtergrond.

SLUITERSPOED

Gebruik die kamera se liniaal om die sluiterspœd te stel (verkieslik so vinnig as moontlik).

FYN FOKUSSERING

Kontroleer weer die fokussering en maak deurgaans seker van skerp fokussering op die oë.

Wenk: As jou kamera die funksie het om drie foto's byna gelyktydig te neem, met slegs 'n klein sluiterspœd-variasie (Canon-terminologie; *Expo.comp/AEB*), gebruik dit dan beslis Dit help baie om later nie allerlei ligverstellings hœf te dœn nie.

Towerlantern Fotografie
- maart 2026 -

Towerlantern-kursusse

Towerlantern Fotografie bied gedurende elke jaar 'n verskeidenheid kursusse aan. Die kursusse volg op mekaar, naamlik

- 'n eerstevlakkursus vir elkeen wat sy/haar kamera beter wil leer ken;
- 'n gevorderde kursus waarin voortgebou word op die kennis van die eerstevlakkursus;
- 'n spesialiskursus waarin gespesialiseer word op sekere gegewe genres wat vas is, maar wat volgens smaak verander kan word.

Die eerste twee kursusse word hierdie jaar gesamentlik aangebied en die derde een op sy eie. Dit het onlangs in Februarie begin. Daar is egter nog steeds geleentheid om daarby aan te sluit. As jy dus sou belangstel, kontak ons gerus.

En wat daarna? Ons ervaring is dat ons studente so geheg aan hul fotografie – en aan mekaar – raak dat hulle steeds daarna na nog iets sœk.

Om hierdie rede bied ons ook jaarliks 'n informele kursus aan waarin maandeliks 'n nuwe opdragtema gegee word. As jy sou belangstel kan jy so gou as nou daarby aansluit. Die foto hierby toon een van die Januarie-opdragte uit die versameling landskapfoto-aanbiedings.

Wes-Transvaalse grasveld

GAAN OP REIS

saam met Towerlantern

... na Patagonië

Towerlantern Fotografie

- maart 2026 -

Andesgebergte

GAAN OP REIS

saam met Towerlantern

Vra jy jou vriende waarheen hulle graag oorsee sou wou reis as daar so 'n geleentheid kom, is die antwoord waarskynlik meestal iewers in Europa, of dalk die Verre Ooste, Japan. Soms dalk die VSA.

Selde sal iemand antwoord Suid-Amerika, en nog meer selde Patagonië in Argentinië en Chili. En dit is waarheen Fotografienuus jou juis hierdie maand wil neem. Dus, kry jou kamera of selfoon en tœbehore gereed sodat ons kan vertrek na hierdie suidelikste provinsie in Argentinië.

As jy nog nooit van hierdie streek gehoor het nie, het ons vir jou en jou kamera 'n groot verrassing. Dis 'n wonderlike wêreld met nog wonderliker fotogeleenthede. Ons hooffoto wys alreeds iets daarvan, en die kaart hierby die ligging.

Dalk het jy tog al van Patagonië gehoor. Aan die begin van die twintigste eeu, net na die einde van die Anglo-Bœreoorlog (1899-1902), het daar 'n klein klompie Afrikaanssprekendes na Suid-Amerika geëmigreer. Nog meer spesifiek, na die stad Comodoro Rivadavia. Lees meer besonderhede hieroor by die volgende skakel:

https://en.wikipedia.org/wiki/South_African_Argentines

Wat fotografie betref, Patagonië in Argentinië, en die buurland Chili, strek oor die Andesgebergte. Dié berge vorm as't ware die ruggraat van Suid-Amerika.

En in hierdie streek is daar 'n verskeidenheid wonderlike natuurreservate, waaronder *Torres del Paine* en *Los Glaciares*. Elkeen is 'n besœk werd, soos die foto's by hierdie artikel wys. Suid-Amerika strek baie verder suid as Suider-Afrika. Dit grens byna aan Antarktika. Die verskillende reservate het dus uiteenlopende klimaatstreke.

Met erkenning: Patagonia-Argentina.Com

Ons bespreek kortliks twee van die bogenœmde reservate, maar wil jou ook aanmœdig om self meer daaroor te lees en te kyk.

TORRES DEL PAINE (TORINGS VAN PAINE) NASIONALE PARK

Die *Parque Nacional Torres del Paine* (in Spaans, die amptelike taal van Argentinië) is 'n nasionale park. Dit sal jou die geleentheid gee om berge (en bergspitse soos in die foto hierby), gletsers, mere en riviere af te neem. Dit is geleë in die Chileense Patagonië.

Die gebergtes bekend as die Cordillera Paine-groep is die park se hoofaantrekkingskrag. Dit is een van die grootste parke in Chili en baie gewild onder toeriste. Dit vorm ook 'n deel van die roete wat bekend staan as die *Einde van de Wêreld*-roete wat nog 'n rede gee waarom hierdie reservaat besoek moet word.

Lees meer oor hierdie roete, en besoekpunte by:
https://en.wikipedia.org/wiki/End_of_the_World_Route

Die name van die bergpieke in die foto hierby is Torre d'Agostini, Torre Central, en Torre Monzino (*Torre*: Toring). Hul hoogte is 2 500 meter bo seespieël. Hulle word verbind deur die Cuernos del Paine (Afrikaans: *Horings van Paine*). Die tweede foto hierby wys Die Horings.

Torres del paine

Cuernos del Paine

LOS GLACIARES NASIONALE PARK

Perito moreno-gletser



Cerro Torre

Dertig persent van Los Glaciares is bedek met 'n yskap. Hierdie wildernis-gebied is die grootste nasionale park in die land. Dit is in 1981 deur UNESCO as Wêrelderfenis-gebied verklaar.

Die park se naam verwys na die reuse yskap (Engels: *ice cap*) in die Andes-gebergte. Dit is die grootste yskap in die wêreld na dié van Antarktika, Grœnland en Ysland. Dit vœd nie minder nie as 47 groot gletsers, soos dié in die foto hierby.

Die belangrikste berge in hierdie park is Fitz Roy en Cerro Torre Laasgenœmde word hierby afgebeeld.

Let op dat Cerro Torre se bopunt bedek is met ys, in die vorm van 'n sampiœn. Dié ysbedekking staan bekend as ruigryp-ys (Engels: *rime ice*) en word gevorm deur voortdurende sterk winde.

Hierdie ysbedekking maak die klim van dié bergspits besonder mœilik. Gedurende die afgelope dekades was daar al heelwat pogings om die bopunt te bereik en ook baie mislukkings. Daar is onder andere ook geredeneer dat die yskap nie tel as berg nie. As jy meer sou wou weet oor die verskillende pogings, lees gerus by die gegewe bron.

Ten slotte: Ons het in hierdie artikel niks genoem oor die geskiedenis of die politiek van Argentinië nie, en dit is natuurlik ook nie ons bedoeling nie. Tog kan ons nie afsluit deur te noem dat Argentinië 'n land is met 'n veelbewoë geskiedenis nie (watter land is dit nie?). Om 'n effense gevoel hiervoor te kry, luister na die lied *Don't cry for me Argentina*, gesing en bekend gemaak deur Madonna. En lees 'n beskrywing oor die lewe van Evita Peron (1919-1952), 'n volksgeliefde Argentyn, by die onderstaande skakel.
https://en.wikipedia.org/wiki/Eva_Peron

Madonna, Don't cry for me Argentina ...: https://l1nk.dev/H1p1J

Gaan op 'n videoreis deur Patagonië (bietjie lank, 18 minute, maar die moeite werd):

https://youtu.be/z8Gw2p2vRr0?si=DN1ZePi-JQAkG0cYB

Laatmiddag-veldindrukke

Wat gebeur in jou brein vandat jy 'n toneel sien, totdat jy 'n foto daarvan geneem het? Hier gaan dit nie oor die kamera-instellings nie, maar oor jou vertolking van al die verskillende aspekte van die toneel. Dink aan sake soos kleur, komposisie en lyne.

Anders gesê: Jy sien die werklikheid en neem foto's. Dan kom jy agter die foto's gee nie weer wat jy gesien het nie. Miskien besef jy dan wel die foto gee weer wat die gevoel was van wat jy gesien het. Probeer juis ook om jou foto's só te neem dat dit jou gevoel en emosie uitbeeld. Skep so foto's wat jy sou kon bestempel as visuele vreugdes. Die landskapfoto hierby bestempel ek as een van my foto's wat visuele vreugde vir my gee.



GRONDPAD-BERGPASSE

Tsœlike-pas, Lesotho

Miskien vœl jy jy het genœg gehad van Suid-Amerikaanse landskappe; kom ons keer dan terug na Suider-Afrikaanse landskappe. Om presies te wees, ons mik na die Tsœlike-pas in Lesotho. Die foto hierby wys iets van die haarnaald-draaie in hierdie pas.

Iemand sou kon sê dit is niks in vergelyking met die Andesgebergte nie. Pasop egter vir 'n wanargument: Daar is sekere dinge wat eenvoudig nie met mekaar vergelyk kan word nie. Byvoorbeeld, watter berge is die mooiste, die Drakensberge of die Sederberge? Die punt is, die twee bergreekse is nie met mekaar te vergelyk nie!

So het elke pas en bergreeks ook sy eie bekoring. Ons nooi jou hierdie keer saam op reis met hierdie pas en die skilderagtige Lesotho-omgewing. As jy self motor bestuur, weet dan jy kan nie jou kamera gebruik nie. Jy kan ook nie altyd mooi kyk na die pasomgewing nie. Ry dus hierdie keer saam met die bestuurder van die video hierby en neem jou foto's. Die rit is ongeveer 5 kilometer lank en jy sal nie sommer aan die slaap raak nie. Geniet dit.

Video: https://www.youtube.com/watch?v=m-jAi77DR15I

Bron: Mountain Passes South Africa

OP INTERNET GESIEN

Gebruik lig en donker op 'n treffende manier in jou foto's. "Kvartsglas" is in 1960 geneem deur die Sweed Sten Didrik Bellander.

Lees hier meer oor hom by: https://www.vintagephotos.art/collection-highlights/kvartsglas-1960-by-sten-didrik-bellander/

OP INTERNET GESIEN

Kyk jy ook met 'n fotograaf se oog na flieks? Sien jy byvoorbeeld die reël van derdes, kleurgebruik en leidende lyne?

In die video hierby word 'n paar van hierdie elemente uitgelig soos gesien kan word in Tarantino se fliek "Once upon a time in Hollywood".

https://www.instagram.com/reel/DSpUshtCL-O

Watter flieks staan vir jou uit vir hul komposisie?

FOTO-*idees*

Ons plaas maandeliks 5 of 6 foto's in Fotografienuus wat dien as idees vir jou as fotografie-liefhebber om na te dœn. Jy kan jou gewone kamera of selfoonkamera daarvoor gebruik. As jy vœl jy het met so iets gœie sukses behaal, stuur dan gerus van jou foto's vir ons vir plasing in Fotografienuus.

Towerlantern Fotografie

- maart 2026 -

FOTO-*idees*

Idee 1: Stap deur jou tuin, of vriende s'n. Sœk na die minder mooies ...



Towerlantern Fotografie

- maart 2026 -

FOTO-idees

Idee 2: ... kyk uit vir die gekleurdes ...

Towerlantern Fotografie
- maart 2026 -

FOTO-*idees*

Idee 3: ... mœnie die veragtes miskyk nie ...

Towerlantern Fotografie

- maart 2026 -

FOTO-idees

Idee 4: ... mœt ook nie die verleptes verag nie ...



Towerlantern Fotografie
- maart 2026 -

FOTO-idees

Idee 5: ... en blaas die trompette!!

Towerlantern Fotografie

- maart 2026 -

Mini-galery

Ons gee maandeliks aan ons lesers geleentheid om van hul beste foto's vir publikasie te stuur en om só iets van hul fotografie-lewe met almal te deel. Hiermee word jy uitgenooi om foto's vir ons te stuur.

Ons stel die volgende as algemene riglyne:

- Stuur 10 van jou beste foto's in met grootte ongeveer 500 kB elk. Daaruit sal 'n keuse van tot 6 foto's vir publikasie gemaak word.
- Kies die foto's só dat dit ongeveer dieselfde tema het. Die tema kan wyd wees – daar is geen beperking op die fotomateriaal nie.
- Indien nodig, verkry skriftelik toestemming vir die plasing van mensfoto's in Fotografienuus.
- Stuur 'n beskrywing van ongeveer 200-250 woorde oor enige aspek rakende die foto's of jou persoonlike belewing daarvan.

VAN CHRISTO NEL (SUTHERLAND)

Ek was in die SA Vloot tot 2023. Ek het nou afgetree en woon in Sutherland. Dus het ek 'n groot belangstelling in geskiedenis en militêre sake

Ek het in November verlede jaar die Maluti Militêre fees bygewoon by die "Sandstone Heritage Museum" naby Ficksburg. Dit was 'n wonderlike uitstappie met stoomtrein- en pantservoertuig-ritte. Hulle het selfs vliegtuigritte aangebied.

Daar was ook 'n herlewing van 'n Boere-aanval op 'n Britse trein. Natuurlik was my kamera saam en kon ek heelwat foto's neem.

.

Die fototitel *Those magnificent men in their flying machines* kom van 'n rolprent wat gemaak is in 1965, my geboortejaar.

Waardeer hierdie paar foto's saam met my.

Christo Nel

Those magnificent men in their flying machines

Mini-galery

Christo Nel
Bœr en Brit

Mini-galery

Christo Nel
Bootlegger

Mini-galery

Christo Nel
Konvooi

Mini-galery

Christo Nel
Tussen stasies

Mini-galery

ons hoor graag van ons *lesers*

Baie dankie! Ek het heerlik saam met Johann Nel gery en gekyk. En dit was weereens net 'n herinnering aan ons mooie land! **TERSIA ANDREWS, CENTURION**

VERWYSINGS EN BRONNE

Patagonië: Erkenning van Horings-foto:
Natalia Reyes Escobar - Own work, CC BY-SA 4.0, https://commons.wikimedia.org/w/index.php?curid=79542765

Bronne:
https://en.wikipedia.org/wiki/Los_Glaciares_National_Park
https://en.wikipedia.org/wiki/Cerro_Torre

Towerlantern Fotografie
- maart 2026 -